

HOOFSTUK I

DIE VRYSTATERS WORD WAKKER!

Onder die oudste geskifte in Afrikaans vind ons 'n hele reeks briewe. Ná 1850 het verskeie persone in die Hollandse koerante van die Vrystaat, soos *De Tijd* en *De Express*, briewe in Afrikaans geskryf. Hierdie tradisie is ná die Tweede Vryheidsoorlog voortgesit in *De Vriend* deur die redakteur self, Johannes Visscher. Saam met ds. Willem Postma het hy die Vrystaatse Taalbeweging weer aan die gang gesit. Spoedig het hy tot die oortuiging gekom dat die toekoms aan Afrikaans, en nie aan Nederlands nie, behoort. Maar, net soos adv. J. H. H. de Waal in die Suide, moes hy baie versigtig te werk gaan. In September 1904 pleit hy om 'n normalisering van die Afrikaanse spelling na die voorbeeld van die Vereenvoudigde Nederlandse spelling, en 'n rukkie later loof hy 'n Nederlandse boekprys in pragband uit aan die beste insender van 'n storie tussen dertig en honderd woorde in „Afrikaans of Hollands.” Die meerderheid van die ingekome stukke was in Afrikaans gestel.

Onder die skuilnaam „Blikoor” het Johannes Visscher Afrikaanse briewe in sy koerant geskryf, en talle antwoorde daarop ontvang. So skryf neef Hennie o.d. 23 Julie 1904: „Ik en mijn ou vrouw was heel te mal in ons skik met jouw aantekening op mijn vraag. Dis net zoo's Oom zeg: As jij Engels praat dan beskou die natie dat jij geleerd is. Kan een mens nie die Rooitaal slaan, dan reken hulle jij is ongeleerd. Wat moet een mens nou zo'n redevoering noem; eenvoudige verwaandheid of verwaande eenvoudigheid? Weet Oom dat die natie dikwijls gedurende die oorlog ver mij gevra het of ik mijn opleiding in Engeland gehad het? Waarom? Omdat ik kan Engels praat . . . (Moe nie lach nie, Oom kan net zoo worre).”

Op 6 Augustus 1904 gee Oom Blikoor ons 'n samespraak in Afrikaans: *Op die Stoep*, en later skryf hy weer briewe oor die vrae van die dag, en veral in belang van Afrikaans. Op 26 Mei 1905 beskuldig hy die Afrikaners daarvan dat dit hulle eie skuld is dat hulle taal nie tot sy reg kom in die skole nie, want wie van hulle het al ooit geprotesteer oor die Engelse opvoeding wat die Afrikaanse dogters op die „High School for Girls” in Bloemfontein kry? Tog kan die Regering maar probeer om ons taal deur middel van ons kinders uit te roei, maar hulle sal nie daarin slaag nie, want solank as wat ons rantjies en koppies nog staan,

solank sal Afrikaans nog leef, die enigste taal wat op Afrikaanse bodem aard.

Volgens „Blikoor ze Zoon” in *De Vriend* van 23 Desember 1904 het byna elke koerant nou ’n artikel oor die taalkwessie. Maar die eerste en beste maatreël om die taal hoog te hou, is om dit te praat. In die besigheidsplekke hoor jy „geen woord fatsoenlik Hollands” gebruik nie, en in die skole word die kinders vermaan as hulle hul moedertaal praat. Baie mense vind dit nie fatsoenlik, deftig of geleerd genoeg om hulle eie moedertaal te praat nie, en dit is veral ’n kwaal van dames.

De Vriend van 6 Januarie 1905 bepaal die aandag by die „Reisgedachten” van ’n voor-
aanstaande persoon, wat moes ontdek dat daar plekke is waar die moedertaal nie op die skole geduld word nie. As die ouers by die inspekteur kla, dan sê hy: „Geen politiek op de school, en derhalve geen Hollands.” Op ander plekke hoor ’n mens weer dat „Dutch” ’n sterwende taal is, en waarom moet die stuip-trekkings van die sterwende liggaam vermeerder word? Hier is die pynlike van die taalkwessie: ons taal is politiek. ’n Verenigde Suid-Afrika onder een vlag en met een taal skyn hulle leuse te wees.

De Vriend van 21 Julie 1905 waarsku die Afrikaners om hulleself te bly, want dit is die politiek van Engeland om hulle te verengels. Wanneer die Engelsman begin om ons skaam

te maak vir ons nasionaliteit, dan moet ons vastrap, „want die man wat skaam voel ver sij nasionaliteit, zal perbeer om te hansop bij 'n ander nasie, en dan is hij klaar.” As die vreemdeling met ons taal spot en sê dat dit geen literatuur het nie, kan ons hom die volgende antwoord gee: „Die volk is jong, en zo is die volk ze taal jong; die volk is taai en zo is die volk ze taal taai; die volk het 'n toekoms en zo het die volk ze taal 'n toekoms. Die volk het manne voortgebrenng wat die ganse wereld bewonder: die volk ze taal kan 'n literatuur voortbrenng wat die wereld kan bewonder. Ons geskiedenis en ons taal zal bij geen geskiedenis en geen taal hoef achteruit staan, als ons net nie perbeer om zij natuur te verkrag, als dit net Afrikaanse geskiedenis en Afrikaanse taal blij.”

Op 3 Oktober 1905 kondig die *Vriend des Volks* 'n *Afrikaanse Bladzij* aan wat sal dien as 'n familie-blad. Dit sal geen politiek bevat nie, maar net nuttige en aangename leesstof; verhale en gedigte, en artikels oor ons geskiedenis. Daar sal ook 'n kinderkolom wees vir die jongspan. Hiermee wil die *V.d.V* met die daad toon dat Afrikaans die natuurlike taal van die Afrikaner is, en hy wil die Afrikaners aanspoor om hulle gedagtes en ondervindings in Afrikaans neer te skrywe.

„En om nou ver eens en ver altyd 'n verkeerde begrip weg te neem, zeg ons nog dit:

wat ons wil heh is, dat ons mense hul taal begin respekteer, en nie langer daarmee spot en dit met lelike name noem, zoos kombuistaal of Hotnotstaal. Jy weet, dis 'n slegte vooltjie, enz.' Die redakteur wil hê dat die Afrikaners hulle taal sal skrywe, maar verder wil hy nie nou gaan nie, soos byv. daarop aan te dring dat Afrikaans Nederlands op die skool moet vervang, of dat die regering dit as die offisiële taal moet erken nie. Daar is twee redes hiervoor: Afrikaans is nog nie ver genoeg gevorder nie: dit moet eers deur die volk erken word voor die regering dit kan erken, en ten tweede: ons het Nederlands nog te nodig op skool om Afrikaans aan te help. Al wat nou nodig is, is dat die Afrikaners hulle taal sal praat en skryf, en „dan kom een dag die tijd dat nie een enkel Afrikaander meer so verspot zal wees om zij eie taal te verag en dan is die tijd daar om hom te verklaar tot offisiële taal.”

Twee jaar later (3 Sept. 1907) kla die V.d.V. nog steeds dat baie Afrikaners skaam is vir hulle taal en hulle van Engels bedien, nie net in openbare plekke nie, maar ook in hulle huise. Hy vind verskillende verklarings hiervoor, en vra: „Zult gij elke mode, hoe bespotlik dan ook, navolgen? . . . Als sommigen het geleerd vinden om Engels te spreken, moet gij het ook zo vinden? Wij voor ons vinden het veel beschaafder om een Afrikaner goed

Hollands of Afrikaans te horen spreken." Ons moet alles aan 'n gebrek aan selfstandigheid toeskryf, want anders sal ons die prokureurs, winkeliers en die regering dwing om ons met mense te voorsien wat ons taal kan praat.

Teen Engels is die *V.d.V.* nie, want elke Afrikaner moet dié taal deeglik ken, omdat ons gedurig daarmee in aanraking kom en ons die voorkeur behoort te kry bo eentaliges wanneer ons aansoek doen vir 'n betrekking. Maar ons moedertaal is altyd eerste, want dit is onskeidbaar van ons sedes, ons godsdiens, ons aspirasies en ons toekoms. „Breek met de taal, weg is onze nationaliteit, weg ons karakter, weg ook onze zelfstandigheid. In onze taal hebben wij een pand ons toevertrouwd waaraan geheel ons bestaan verbonden is.”

J. S. Haumann van Harrismith skryf oor toestande op sy eie dorp (*V.d.V.*, 8 Mei 1908) en noem dit „een broeikast van al wat uitheems is en naar Empire smaakt. En toch hoort men de gehele dag van toenadering en ineensmelting van de twee rassen.” Hulle wil nie hoor dat Nederlands gelyke regte sal geniet met Engels nie, maar Haumann spoor die reggesindes aan om vas te trap, „en laten wij tonen dat wij onze taal liefhebben en die willen bewaren voor onze kinderen in de verre toekomst!” Hy verwys na lande soos België en Kanada waar ook 'n taalstryd gevoer word, en waar die onderdruk-

tes oorwin. Die Engelse beweer dat Nederlands nie geskik is as medium vir hoër onderwys nie, want daar bestaan geen Nederlandse handboeke nie. Wat 'n dwaasheid!

Vroeër het ons oor Oom Blikoor geskryf. Op 9 Junie 1905 kom die jongelingsverenigings aan die beurt. Hierdie verenigings, sê Oom Blikoor, moet ons taal help handhaaf en ons geskiedenis bekend maak. Dit grief die ou Oom altyd as Afrikaners by hulle feeste net Engelse „songs” sing of Engelse „plays” vertoon. Daar is tog genoeg Hollandse liedjies en toneelstukke. „Ons moet vir die werelt wys dat ons taal nie alleen goed is om lekker in te gezels nie, maar dat ons in die taal die hoogste en edelste gevoelens kan uitdruk, en die wetenskap kan dien. Dis die nasionale en opbouwende kant van die verenigings.”

Van Oom Blikoor se hand het ook Afrikaanse gedigte en verwerkinge van Nederlandse gedigte verskyn wat vër bo die Patriot-peil gestaan het. Een daarvan: „Hul sal dit toch nie krij nie,” was vinnig op pad om 'n volkslied te word, en is selfs deur Rompel op sy Afrikaanse aande in Holland, herhaaldelik laat sing. In dié liedere en gedigte klink daar die helder stem van die egte vaderlander op. „De Vlaamsche Leeuw” het Blikoor tot voorbeeld gedien.

*Hul sal dit toch nie krij nie,
Ons sonnig vaderland!
Ni om hul slaaf te wees ni
Het God ons hier geplant.
Hul sal dit toch ni krij ni,
Die Gode van ons tijd.
Ons het ons land met trane
En bloed die Heer gewijd.
En word nog swaarder tije
Door God ver ons gestuur,
Word vol ons maat gemeten
Met al die wrangste suur,
Tog sal hul ons ni kry ni,
Die Gode van ons tijd:
Die kinders van ons vaders
Blij aan hul God gewijd.**

Een van die beste Afrikaanse medewerkers van die V.d.V. was Mauritz van der Merwe met die skuilnaam Boerbok. Op 16 Julie 1909 verskyn daar van hom 'n gedig: *Suider Stranders*, waarin hy die taalstryers aanvuur om te volhard:

*Op, op, staat op, jul Suider Stranders!
Staat op gelijk 'n rij van branders.
Ja, kom en praat en skrijf niks anders,
Dan net in soete Afrikaans.
En dan zal al die baie grille,*

**De Vriend*, 25 Aug. 1905.

*Verdwyn, en ouers sal ter wille
Van hulle kinders blij en stille,
Laat onderwijs in Afrikaans.*

*Te lang, ja lang het ons geslape,
Te lang gelij als stomme skape.
Te lang bespot deur vreemde ape,
En haters van ons dierbare taal,
De tijd is daar — 't is nu de ure —
Om dit nie langer te virdure,
Maar altijd deur 't sij soet of sure,
Te ondersteun ons moedertaal.*

*Stroom dan in julle bloed nie vurig
De frisse liefdegloed gedurig,
Die sterke Afrikaanders sturig
Moet heh vir hulle moedertaal?
Dan waarom langer stil te swije,
Niet same deel in hierdie tije,
Van onrust en van sware strije.
Vir regte van die regte taal?*

*Kom, sta net stil, gedenk hoe helde
Getrou op bloedbespatte velde
Hull'self als offers moedig stelde
En haters van ons dierbre taal.
Sal ons dan nou soo laf verslappe
Hulle edel bloed met voete trappe
En oe'r dit alles heen maar stappe
En so ons knie buig vir Baal?*

*Neen, nimmer, lieve landgenote!
Kom steun dan saam uit liefde blote
Als egte sterke Hugenote,
De hande van ons Generaal.
En veg als helde met hun mede
Vir roemrijke stille vrede,
Vir luister toekomst — en verlede —
Van onse beste moedertaal.*

—BOERBOK.

HOOFSTUK II

AFRIKAANS OF NEDERLANDS?

„Hollands het dit goed gemeen, maar die stryd teen Engels vir ons baie bemoelik . . . Ons had dit enersyds dus te doen met sielsdodende liefde; andersyds met verwoestende kwaadwilligheid,” skryf Vaalswaer (Izak van Heerden) in *Die Nuwe Brandwag* en karakteriseer op dié wyse die toestand aan die begin van hierdie eeu. Dit is nie net waar vir Transvaal of die Kaapkolonie nie, maar ook vir die Oranjerivier-kolonie, want o.d. 3 September 1904 reeds skryf *De Vriend* dat die vraag weer na vore gekom het: „Welke taal moeten wij trachten aan onze kinderen te leren: het Afrikaansche of het Hoog Hollandsch?”

Dit is 'n ou vraagstuk, sê die koerant. Die Genootskap van Regte Afrikaners het reeds hiermee kennis gemaak en gevind dat hulle 'n swaar stryd teen Nederlands te stry het, hoewel hulle 'n gemeenskaplike vyand gehad het, naamlik Engels — nie as taal nie, maar as „doelbewus-aangewende middel om die Afrikaanssprekende te denasionaliseer.” Die voorstanders van Afrikaans was nooit vyandig

teenoor Nederlands nie, inteedeel, hulle het daaraan vasgehou, maar die voorstanders van Nederlands was venynig op Afrikaans. Die Nederlandsgesindes of Taalbondmanne het sedert 1890 die beweging vir die bevordering en instandhouding van Nederlands in Suid-Afrika aan die gang gesit en vir hulle veral in Kaapland met die saak bemoei, deur eksamens in te stel, 'n tydskrif in die lewe te roep, ens. „Maar,” vervolg *De Vriend*, „wij weten allen dat Hoog Hollandsch hier in ons land meer word geschreven dan gesproken. Wij weten ook dat zij die het schrijven, slechts zelden in staat zijn klippen te ontzeilen en meer dan eens gevangen raken in de klemmen en traps van spelling en verbuiging.”

Dit het die Taalbondmanne ook besef, en daarom het hulle in Januarie 1897 „Het Eerste Congres ter Vereenvoudiging der Nederlandse Taal” in Kaapstad gehou, toe dit ook deur afgevaardigdes uit die O.V.S. en Z.A.R. bygewoon is. Hierdie kongres het eenparig 'n groep vereenvoudigingsvoorstelle, in die gees van die Kollwyn-spelling soos in 1893 opgestel, aangeneem, al het hulle nie so ver as daardie geleerde gegaan nie. Deur die hangende oorlog en om ander redes het die saak hier stilgestaan. Maar met die herlewing van die volksgevoel tydens en in die ná-oorlogse dae is die hand weer aan die ploeg geslaan. Die besluite is geneem, maar geniet geen gesagserkenning nie.

Toe prof. W. J. Viljoen, wat saam met prof. De Vos, dr. Brill, Nico Hofmeyr e.a. die leiers van hierdie beweging is, in 1903 die plan opgevat het om Europa te besoek, is aan hom opdrag gegee om van gesaghebbende taal-liggame en taalgeleerdes in Nederland en Vlaanderland opinies in te win oor die vereenvoudigingsvoorstelle en om hulle te beweeg om hulle goedkeuring en steun daaraan te verleen. Prof. Viljoen was suksesvol in sy sending dit aangaande en in 1904 is die voorgestelde vereenvoudiging deur die Taalbond en die onderwysers goedgekeur en aangeneem. Van hierdie tyd dateer wat in ons land bekend gestaan het as: De Nieuwe Spelling. Die vorstelle het in die eerste geval gegaan oor die spelling, maar verder ook oor kwessies in die vormleer en oor woordkeuse. In verband met die woordkeuse is o.a. bepaal dat veroorloof word: „Woorden en uitdrukkingen, die naar het karakter van ons volk en den aard van het land ontstaan zijn,” m.a.w. burgerreg word verleen aan tipiese Afrikaanse idiome maar wat op sy Nederlands moet aange**trek** word, 'n produk dus wat vir die Afrikaanse oor net soveel 'n onding is as vir die Nederlandse taalgevoel.*

Om tot *De Vriend* van 3 September 1904 terug te kom: daar is, aan die ander kant, 'n

*Vir hierdie geskiedkundige oorsig van die Taalbondmanne het ek vry gebruik gemaak van G. S. Nienaber: *Die Afr. Beweging*, bl. 108—110.

groot deel van die volk wat Afrikaans nie geskik ag vir die skryftaal nie, hoe lekker hulle ookal daarin gesels. Die keuse tussen die twee tale sal egter baie maklik wees as die twistende partye 'n studie maak van die geskiedenis van die twee tale. Nederlands en Afrikaans het uit dieselfde 17de eeuse dialekte ontwikkel, maar onder verskillende omstandighede en in verskillende wêrelddele. Afrikaans is dus 'n sustertaal van Nederlands en geensins minderwaardig nie.

Dan pleit die redakteur vir 'n spellingvereenvoudiging van Nederlands — wat later ingevoer is, soos bo aangetoon — en ook vir 'n vasstelling van die Afrikaanse spelling so na moontlik aan die V.N.S. „Terwijl het Nederlandsch sukkelt aan het overmaat van doode spel- en taalregels, lijdt het Afrikaansch aan een overmatig toepassing van de regel: skryf soos jy praat, met dit gevolg dat het geschreven Afrikaansch dikwijls veel meer van het geschreven Hollandsch verschilt, dan het gesproken Afrikaansch van het gesproken Hollandsch. Matiging aan beide zijden zal tot gevolg hebben dat het aanleeren, en schrijven en spreken van het Afrikaansch sterk in de hand word gewerkt, terwijl de Hollandsche literatuur met al zijn schatten toch voor ieder Afrikaander geopend blijft.”

„Wat wil hulle nou?” vra die *Vriend* in 'n inleidingsartikel van 7 Julie 1905: Afrikaans

of Nederlands, en dit na aanleiding van *Ons Land* se opmerkings oor die Afrikaanse Taalbeweging. *Ons Land* sê dit beteken weer nuwe stryd, en ons het al genoeg te doen met die spelling-veroenvoudiging. Wat dié twee dinge met mekaar te doen het, verstaan die *Vriend* glad nie. Dit kan wees dat die Kolonialers wat so „vreeslik” stry oor die eenvoudige taak, dink dat hulle nou weer nuwe moeilikhede sal kry. Hulle verwar „spelling”-veroenvoudiging met „taal”-veroenvoudiging.

Die mense wat hulle vir Afrikaans as ons erkende volkstaal verklaar, redeneer as volg: Nederlands is vir ons ’n kunsmatige taal wat ons op skool moet leer, wat ons nooit praat nie, en wat alleen die geleerde mense gebruik as hulle spreek of preek. Omdat Nederlands nie ons volkstaal is nie, maar net ons boektaal, en omdat die meerderheid van ons Afrikaners die taal nooit praat nie en maar min van hulle dit skryf, daarom is dit noodsaaklik dat Afrikaans verhef word uit sy vernedering en erken word as ons volkstaal.

Al die mense wat ywer vir Afrikaans, is ook almal liefhebbers van Nederlands. Hulle weet goed genoeg dat die twee nooit van mekaar geskei kan word nie en dat Afrikaans Nederlands nodig het. Dit sou treurig wees as die Nederlandse literatuur vir ons gesluit is. Maar ons weet ook, en *Ons Land* kan dit ook weet,

dat die paar jaar op skool nie voldoende is om die kinders Nederlands te leer skryf en praat nie. Tevergeefs is dit vir die redakteur van *Ons Land* „om sy oge te sluit of sy kop weg te steek soos 'n volstruis.” *Ons Land* weet ook dat dit die rede is waarom die kinders liewers in Engels aan mekaar skryf. Sodra Engels die algemene landstaal word, is dit ook verby met ons as volk. Daarom is Afrikaans ons enigste hoop.

In die uitgawe van 8 September 1905 druk *De Vriend* die „Open brief aan de voorstanders van een Afrikaanse Taal Genootschap” van prof. P. J. G. de Vos af. Hierin pleit die professor by die voorstanders om „toch geen beweging op touw te zetten, om 't Afrikaans-Hollands als zodanig tot onze schrijftaal verklaard te krijgen,” want dit beteken 'n verbrekking van kragte en dit maak die arbeid van die Taalbondmanne vir die erkenning van die Vereenvoudigde Spelling waardeloos. Hy is geen vjand van Afrikaans nie, maar wil tog daarop wys dat dit die bande met Holland verbreek en die heerlike Nederlandse literatuur ontoeganklik maak vir die Afrikaner. En wanneer sal Afrikaans die Kerk- en Bybeltaal wees? Die volk wil geen Afrikaans hê nie, want „dan zou de schrijftaal van 't Genootschap van Regte Afrikaners meer veld gewonnen hebben, want de Patriot is maar in later tijd eerst van Politiek veranderd . . . ” Hy sluit met

die bede: „Al kost 't een zekere mate van zelfverlochening, ziet toch van uw voornemen af.”

In dieselfde uitgawe steek die redakteur van *De Vriend* die draak met die inleidingsartikel van die redakteur van *Ons Land* (adv. F. S. Malan) wat na aanleiding van prof. De Vos se brief skryf dat die voorstanders van die volkstaal onder mekaar veg, maar nie wanhoop aan die toekoms van ons taal, „en daarom zullen we (*Ons Land*) op de ingeslagen weg voortgaan, geen partij kiezende voor of teen de een of die andere vechtende partij — ze zijn ons beide even dierbaar, als delen van een geheel.”

Prof. De Vos en *Ons Land* sien spoke, sê die redakteur van *De Vriend*. In die Kolonie het die mense vreeslik werk gemaak van die Vereenvoudigde spelling, en hulle het daarvoor gestry asof die „vereenvoudiging” oor die lewe en dood van ons taal beslis. Tog berus die stryd grotendeels op 'n misverstand: die teenstanders van „spelling”-vereenvoudiging het dit verwar met „taal”-vereenvoudiging. Intussen is daar min mense in S.A. wat Nederlands skryf: „Die mense wat bietjie geleer is, skryf amper almal Engels, die mense wat min of heeltemaal nie geleer is, perbeer Engels skryf of skryf 'n taaltjie wat even min Hollands als Afrikaans of Engels is nie.” Laat die redakteur van *Ons Land* wat hom nie in die

stryery wil meng nie, maar net sê wat sy onder-
vinding is: daar is nie 'n beter beoordelaar oor
die mishandeling wat die Hollandse taal moet
ondergaan as die redakteur van 'n Hollandse
koerant nie!

„Ons het grote agting ver Professor de Vos,
en ons het grote sympathie ver die Taalbond.
Maar ons denk nog nooit dat hul Hollands in
sy Nederlandse vorm kan maak tot die skrijf-
taal van die Afrikaanders.” Hy herinner aan
ander taalbewegings, soos in Finland en België,
en nou wil ons waak teen die verengelsing van
ons nasie, en die enigste wapen in ons hand is
Afrikaans, die spreektaal van Suid-Afrika.

„Al die mense wat so danig bang is dat die
splitsing van die Taalbeweging Engels zal in
die hand werk, kan maar moed vat: Jong
Afrika denk daaroor anders dan hul vaders en
grootvaders. Maar Jong Afrika grijp naar 'n
wapen wat hom nie te zwaar is nie en wat hij
gemakkeliker kan hanteer dan wat die Taal-
bond hom kan ge. Jong Afrika wil die Taalstrijd
veg. Laat Prof. De Vos en zijn medestanders
hul die voorreg toestaan dat hul zelf die wapens
kan kies en laat die voorstanders van Hoog
Hollans hul verheug dat die Taalstrijd hom
verbrei oor al die seksies van die bevolking. Die
Taalbond ze werk het nog nooit diep deur
gedring nie. Dit blij altoos aan die opper-
vlakke. Die nasie het niks daarbij te doen

gehad nie. Die Nasie wil nou ook help en veg. Die voorstanders van Afrikaans wil alles doen om die Kennis van Hoog Hollans te bevorder. Laat die Taalbondmense ons nou nie hinder op onze eie Afrikaanse pad nie. Dis al wat ons vraag.’’

Die heer P. van Gent van Bethlehem het ook na die pen gegryp en in *De Vriend des Volks* van 10 Oktober 1905 verskyn daar ’n lang brief van hom oor die vraag wat ons taal is: Nederlands of Afrikaans? Hy is van gedagte dat die Afrikaanse taalbeweging vinnig veld sal wen en op dié wyse die geopperde besware en bedenkinge glansryk en oortuigend weerlê sal word. Van ’n prinsipiële bestryding merk ’n mens intussen nie veel nie, al vrees sommige mense vir taalverwarring en verskillende spelwyses. Maar, „wat geeft het nu, of men al een poosje naar de vorm willekeurig schrijft? Zoodra de strijd is beslist, zullen de geleerden vanzelf de taal aan regels binden en dan blijft de eenheid en orde in het schrijven niet uit. Waar de spreek- en schrijftaal dan hand aan hand zullen gaan, voorspellen wij die in grotere mate dan nu het geval is.’’

Of die argument dat die tyd nog nie ryp is om Afrikaans as skryftaal te erken nie, steekhoudend is, sal die tyd alleen bewys. Tog is dit ’n vingerwysing dat so baie geleerde Afrikaners hulle by die Afrikaanse vaandel

geskaar het. Ook is die onderwysers by magte om te oordeel, want hulle weet hoe sober die resultate in die onderwys van Nederlands is. „Ook zij kunnen getuigen, hoe weinig het Hollands bij hun leerlingen geliefd is. Dikwijls toch horen zij in vertrouwelijke oogenblikken van hun kinderen: Hoog-Hollands is ons taal niet, maar dis Afrikaans . . . Het is een feit, dat niet te lochenen valt, dat het Hoog-Hollands over het algemeen bij het volk niet in smaak valt, ja dat velen er zelfs afkerig van zijn.”

Nooit sal Nederlands die beminde volkstaal van Suid-Afrika word nie, want na inhoud en vorm wyk dit te ver af van die voele, denke en uitdrukkingswyse van die Afrikaner. Die Nederlandse boeke bevat verhale uit die lewe van die Hollanders, en 'n lewenswyse so gans anders as by ons, sodat die Hollandse letterkunde vir die Afrikaner dood is. Maar gee die Afrikaanse kind 'n boek in Afrikaans, en jy staan versteld oor die genot wat dit hom verskaf. Die ouers lees ook die boekie, en selfs die bure kom dit leen.

J.A.G. van Bethulie-distrik pleit weer in die *V.d.V* van 21 September 1906 vir Nederlands, maar in sy vereenvoudigde vorm, en trek te velde teen diegene wat 'n mengeltaal praat: „Dames en heren denken het een schande hun minnebrieven in 't Hollands te schrijven. Ene dame vooral, gevoelt zich niet gelukkig, als zij

niet Engels spreken kan, al is het maar kombuis Engels. Hoe admireert zij haar spreekwijze als zij een van haar vrienden of vriendinnen ontmoet en hem of haar, na het mondje op 't fijnste figuur geruk te hebben, toeroept: „Good morning, fine morning van more, isn't it!” Die Hollandse taal in Suid-Afrika was op die aand van sy lewe, maar goddank vir manne soos prof. De Vos en dr. Viljoen. Die vereenvoudiging gee lewe en skoonheid, en die Afrikaners leer weer om hulle eie taal (Nederlands) te waardeer. „Wij, die niet meer op school zijn, moeten ons bezig houden met het lezen van gezonde Hollandse lektuur, en we zullen met weinig moeite en zelfopoffering schrijven en spreken de Taal, die ons schoon en dierbaar is. . . . Wie het goed en wel meent met zijn volk moet zijn taal in stand houden en respekteren. Zonen van Z.A., grijpt moed, en spreek u eigen taal.”

In 'n hoofartikel van 16 November 1906 steek die redakteur ook die draak met wat prof. Viljoen „'n wanluidend koeterwaals” noem, 'n taal wat meer ooreenkoms het met 'n kakelbont harlekynspak as met die gelapte broek van 'n arm maar fatsoenlike burger. Hy gee die volgende voorbeeld:

Maggie: „O, by the way, hoe lijk jij Mr. N.?”

Sophy: „Nou, I can't say that I particularly care vir hom nie; hij was last night rechte rude in company.”

Dié brabbeltaal vind 'n mens by die onnadenkende jongmense van ons tyd, en nou sê sommige mense dat dit bestry kan word deur meer Nederlands te leer, maar hoeveel van ons het die geleentheid daartoe? „Het boek, Hollands, laat ons het maar eerlik erkennen, leeft niet in onze harten; het Hollands dat in onze harten leeft, is Afrikaans.” Hierdie taal moet aangemoedig en bevorder word, maar terselfdertyd moet baie Nederlandse boeke geles word, want dit is nodig as ons goeie Afrikaans wil skrywe en praat. „Wij zullen zien dat wij Hollands nodig hebben om het Afrikaans te kunnen voeden en sterk maken en beschermen tegen de aanslagen van het Engels, en om het koeterwaals uit ons midden te verbannen.”

Hier is die redakteur dus 'n siener en huldig hy die standpunt waarheen ons vandag terugkeer het. Hy is nie vyandig teenoor Nederlands nie, soos baie van die Afrikaanse ekstremiste vandag nog, maar hy erken die waarde van Nederlands vir Afrikaans.